

# SADiLaR

South African Centre for Digital Language Resources

## NUUSBRIEF

AFRIKAANS: NOVEMBER 2020

BEFONDS DEUR:



science & innovation

Department:  
Science and Innovation  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GEHUISVES DEUR:



VENNOTE:



NWU | CTexT



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA

BEFONDS DEUR:



science & innovation  
Department:  
Science and Innovation  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

## Prof Langa Khumalo aangestel as hoof van dagentaalnavorsinginfrastruktuur

Prof Khumalo, voormalige direkteur van taalbeplanning en -ontwikkeling aan die Universiteit van KwaZulu-Natal, het op 1 Augustus SADiLaR se leisels oorgeneem. Die doel van die Sentrum – die eerste van sy soort in Afrika – is om die grondwetlike opdrag wat alle Suid-Afrikaanse tale as belangrike hulpbronne in innovasie en wetenskap erken, na te kom.

## LEES OOR

Nuwe Direkteur

1

Prof Khumalo het in 2016 'n intensieve gevorderde leierskapsprogram vir hoër onderwys voltooi. Om dié rede is hy uiters bewus van die geweldige uitdagings wat hoër onderwys in die gesig staar in verband met die skepping van kennis wat beide innoverend van aard is en op ons voortdurend veranderende menslike behoeftes reageer.

"Ndebele-woordeboek saam te stel en te publiseer," sê hy.

Gesondheidshulpbronne

2

Prof Khumalo was al by verskeie menslike taaltegnologie (MTT) - projekte betrokke, waaronder die ontwikkeling van die Zulu nasionale korpus, 'n Zulu mondelinge korpus en die Engels-Zulu parallelle korpus. Hierdie korpusse is noukeurig ontwikkel om MTT-ontwikkeling in staat te stel. Sy betrokkenheid by verskeie opwindende projekte soos die ontwikkeling van vakspesifieke terminologie vir Zulu, wat 'n hoogtepunt bereik het met die publikasie van woordelyste soos die geïllustreerde woordelys van argitektuurterme en die woordelys van registerme, het bygedra tot 'n groter bewustheid van die profiel en rol van Afrikatale binne die akademie.

AwezaMed

4

Prof Khumalo is reeds vroeg in sy loopbaan bekendgestel aan hoe om met taaldata te werk. "Onder leiding van verskeie leermeesters in korpuslinguistiek, waaronder niemand anders nie as die wyle Professor John Sinclair van die Tuscany Word Centre in Italië, was ek een van die eerste redakteurs om die eerste korpusgesteunde enkeltalige

The Carpentries

6

korpusgesteunde enkeltalige

Blogs &

Gemeenskap

8

korpusgesteunde enkeltalige

DSAE

9



"SADiLaR het 'n aantreklike en onvermydelike bestemming vir my geword vanweë wat die Sentrum doen, wat die Sentrum beoog om te doen ten opsigte van die ontwikkeling van taalhulpbronne, en die Sentrum se nasionale aard en omvang," sê Prof Khumalo.

BEFONDS DEUR:



science & innovation  
Department:  
Science and Innovation  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Prof Khumalo dien al sedert SADiLaR se aanvang in 2017 as lid van sy wetenskaplike raadgewende komitee (WRK). Vanweë hierdie noue verbintenis met SADiLaR, beskik Prof Khumalo oor insig ten opsigte van al die projekte wat intern uitgerol is, asook projekte wat deur die verskeie nodusse gedryf word.

**"Die Sentrum het 'n jong en dinamiese span en ek hoop dat my ervaring en vaardighede**

**'n nuttige toevoeging sal wees tot wat reeds 'n wonderlike stel vaardighede is,"** sê prof Khumalo oor samewerking met die SADiLaR-span.

In wese wil Prof Khumalo hê dat die Sternum navorsing, (tegnologie-) oplossings en (digitale) hulpbronne moet lewer wat 'n impak maak en 'n transformerende uitwerking op die gemeenskappe het waar hierdie tale hoofsaaklik gepraat en/of onderrig word.

Hy beoog ook om die gehaltenavorsing, produktiwiteitskultuur en skakels wat die Sentrum in sy kort bestaanstydperk gevestig het, volkome aan te gryp.

**"Taal is die kern van ons menslike bestaan. Dit dra en gee uitdrukking aan ons menslikheid. Dit dien as 'n rekord van ons menslike prestasies en spoor innovasie en ontwikkeling aan. Dit is merkwaardig dat ons Grondwet elf amptelike tale erken. Dit is 'n grondwetlike opdrag om elkeen van hierdie tale te ontwikkel ten einde 'gelyke aansien' tussen hulle te skep,"** sê Prof Khumalo.

Sedert die aanvang van SADiLaR het die Sentrum verskeie sterk verhoudings met eenderse internasionale navorsinginfrastrukture gebou, waaronder die Europese Algemene Taalhulpbronne en Tegnologie-infrastruktur (CLARIN), die Europese Vereniging vir Taalhulpbronne (ELRA) en die Taalkundedatakonsortium (TDK) van die VSA. Die Sentrum is ook deur ervare leiers op die gebied van menslike taaltegnologie (MTT), linguistiek en digitale geesteswetenskappe geleei.

## Lingua Afrika: Gesondheidshulpbronne in Suid-Afrika se amptelike tale

Sou dit nie wonderlik wees as gesondheidsorgverskaffers pasiënte in hulle eie taal kon help nie? Sou dit dalk tot meer doeltreffende maniere lei om 'n diagnose te maak? Sou jy nie bly wees as jou gesondheidsprobleme in jou moedertaal met jou bespreek word nie?

Het jy  
enige voorstelle vir ons  
webwerf?  
[KLIK HIER](#)

BEFONDS DEUR:



Een van die projekte waaraan SADiLaR tans werk, is "Gesondheidshulpbronne in Suid-Afrika se amptelike tale". Die projek val onder die Departement Gesondheids- en Rehabilitasiewetenskappe/Afrika-kindertaal in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe aan die Universiteit van Kaapstad. Hierdie projek beoog om gesondheidshulpbronne te dokumenteer wat in verskillende amptelike Suid-Afrikaanse tale beskikbaar is. Gesondheidshulpbronne is materiaal soos siftingsvraelyste en diagnostiese assessorings wat ontwerp is om in 'n gesondheidsorgomgewing deur 'n gesondheidswerker (bv. 'n dokter, verpleegster of fisioterapeut) met pasiënte en hulle gesinne gebruik te word. Die doel is om 'n database van hierdie hulpbronne te skep

waardeur gesondheidsorgwerkers toegang tot die beskikbare materiaal kan kry.

Die oogmerk van die projek is om ondersteuning te bied aan pogings om plaaslike taalhulpbronne te bevorder en te ontwikkel en om by te dra tot meer doeltreffende gesondheidsorgdienste vir almal in die land. Op die langtermyn sal die database gesondheidsorgpraktisys in staat stel om vir kliniese materiaal in verskillende plaaslike tale te soek - en om meer hulpbronne te ontwikkel waar leemtes bestaan. Die projekleiers is Michelle Pascoe (direkteur en medeprofessor van Afrika-kindertaal/Kommunikasiewetenskappe en -versteurings), Olebeng Mahura (dosent in Kommunikasiewetenskappe en -versteurings) en Jessica Dean (dosent in Kommunikasiewetenskappe en -versteurings). In die loop van die projek het hulle toesig gehou oor

vier finalejaar-/honneursstudente in spraak-taalterapie.

Tot op hede het die navorsingspan twee literatuurstudies onderneem wat teoretiese vrae beantwoord oor beskikbare hulpbronne en hoe hulle ontwikkel is. "Ons is van plan om in die toekoms wetenskaplike kundigheid en kennis oor interkulturele aanpassing van assessorings te onwikkeld", sê projekleier Michelle Pascoe. Die database bevat tans meer as 400 hulpbronne wat al die amptelike tale van Suid-Afrika verteenwoordig. "Ons sal aanhou om hulpbronne tot die database by te voeg en ondersoek maniere om die proses te outomatiseer en navorsers uit te nooi om direk tot die database by te dra", sê Pascoe. Hierdie deel van die projek het op hulpbronne in die amptelike tale van Suid-Afrika gekonsentreer, maar ons groter projek behels die ontwikkeling van 'n database van gesondheidshulpbronne vir Afrika.

Wat verwag jy van  
SADiLaR as  
navorsingsinfrastruktuur?  
[KLIK HIER](#)



[www.sadilar.org](http://www.sadilar.org)

#### PUBLIKASIES:

Vryetoegangspublikasie in Health SA Gesondheid: Journal of Interdisciplinary Health Sciences; en toekomstige hoofstuk in die Springer Handbook of Communication Disabilities and Language Development in Sub-Saharan Africa.

BEFONDS DEUR:



science & innovation

Department:  
Science and Innovation  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# Oorbrug kommunikasiehindernisse in COVID-19-sifting en -triage: 'n Mobiele spraaktoepassing

Die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR) en Aweza het saamgespan om 'n unieke mobiele toepassing te ontwikkel om kommunikasiehindernisse tussen gesondheidsorgverskaffers en pasiënte te oorbrug. Aweza is 'n internasionaal bekroonde tegnologiegebaseerde inisiatief wat poog om Suid-Afrikaners te inspireer en te bemagtig om taalhindernisse in alle sektore van die samelewing te oorkom.

Die mobiele toepassing, AwezaMed COVID-19, spog met gelokaliseerde spraaktegnologie soos spraakherkenning, masjienvertaling en teks-na-spraak wat deur die WNNR ontwikkel is en werk op enige Android-slimfoon. Dit stel gesondheidsorgverskaffers in staat om 'n frase in Engels te soek, dit na enige amptelike Suid-Afrikaanse taal te vertaal, en die frase in die gekose taal terug te speel.

Die toepassing is oorspronklik met die oog op moedergesondheidsorg en verloskunde ontwikkel, maar is aangevul met inligting oor COVID-19. Die toepassing kan van die Play Store afgelaai word en kos die gebruiker niks nie.

**"Die oorbrugging van die kommunikasiehindernis versterk die vertrouensverhouding tussen die gesondheidsorgverskaffer en die pasiënt. Dit kan ook die pasiënt se ervaring verbeter en vertroulikheid tussen die gesondheidsorgverskaffer en die pasiënte versterk, en sodoende moontlik lewens red,"**  
sê Dr Karen Calteaux, WNNR

Digitale Oudiovisuele Tegnologie-navorsing-groepleier.

Die inhoud van die toepassing is in samewerking met gesondheidskenners ontwikkel en is daarop gemik om gesondheidsorgwerkers te help om met pasiënte by gesondheidsorgfasilitate te kommunikeer, veral tydens COVID-19-sifting en -triage.

Dr Calteaux verduidelik dat **"AwezaMed voortvloeи uit 'n projek wat deur die Departement van Sport, Kuns en Kultuur befonds is met die oog daarop om taalhindernisse tussen gesondheidsorgpraktisyens en pasiënte by klinieke uit die weg te ruim. 'n Besluit is geneem om 'n weergawe te ontwikkel om mediese praktisyens wat met COVID-19-pasiënte werk, te help om taalhindernisse te oorkom."**

Volg die skakel hieronder vir gratis toegang tot die toepassing:

<http://play.google.co/stor/apps/details?id=za.co.aweza.covid19>

Kontak gerus Dr Karen Calteaux vir enige navrae in verband met die mobiele toepassing:

kcalteaux@csir.co.za.



[www.sadilar.org](http://www.sadilar.org)

BEFONDS DEUR:



science & innovation

Department:  
Science and Innovation  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

OOR DIE WNNR:

Die WNNR is een van die vooraanstaande organisasies in Afrika op die gebied van wetenskaplike en tegnologienavorsing, -ontwikkeling en implementering. Die WNNR, wat in 1945 deur 'n parlementêre wet as 'n wetenskaplike raad saamgestel is, onderneem doelgerigte en multidissiplinêre navorsing, tegnologiese innovering, asook wetenskaplike en nywerheidsontwikkeling om die lewensgehalte van alle Suid-Afrikaners te verbeter. Besoek [www.csir.co.za](http://www.csir.co.za) vir meer inligting.



sport, arts & culture

Department:  
Sport, Arts and Culture  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

OOR DIE DEPARTEMENT VAN SPORT, KUNS EN KULTUUR:

Die missie van die Departement van Sport, Kuns en Kultuur (DSKK) is om die voorsiening van sport, kuns en kultuur te transformeer deur regverdige toegang, ontwikkeling en uitnemendheid op alle vlakke van deelname te verseker en die sosio-ekonomiese bydraes daarvan in te span om 'n beter lewe vir alle Suid-Afrikaners te skep. Deur middel van die Direktoraat vir Menslike Taaltegnologie ondersteun DSKK talle projekte wat taaltegnologieë ontwikkel om aan Suid-Afrikaners toegang tot inligting en staatsdienste in hulle huistaal te bied, ongeag hullevlak van geletterdheid.

'n Voorbeeld van een so projek is Mburisano: 'n Spraak-tot-spraakstelsel om taalhindernisse te oorkom. Die AwezaMed COVID-19 mobiele toepassing is een van die produkte van die Mburisano-projek.

Besoek  
[www.dsac.gov.za](http://www.dsac.gov.za)  
vir meer inligting, of stuur 'n  
e-pos aan  
Tshikani Mabasa by  
[Tshikanim@dsac.gov.za](mailto:Tshikanim@dsac.gov.za)

BEFONDS DEUR:



science & innovation  
Department:  
Science and Innovation  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

## The Carpentries

Die Carpentries-projek bestaan uit die Software Carpentry, Data Carpentry en Library Carpentry-gemeenskappe van instrukteurs, opleiers, handhawers, helpers en ondersteuners. Hulle gedeelde missie is om navorsers grondliggende berekenings- en datawetenskapsvaardighede te leer. Die visie van The Carpentries is om die vernaamste inklusiewe gemeenskap te word wat aan mense data- en koderingsvaardighede leer, met die doel om wêreldwyse kapasiteit in noodsaaklike berekeningsvaardighede te bou ter ondersteuning van doeltreffende, oop en herhaalbare navorsing.

Carpentry-werkswinkels vind virtueel of van aangesig tot aangesig plaas, maar in 2020 is 'n reeks virtuele werkswinkels aangebied. Virtuele werkswinkels is die weg van die toekoms vanweë die beperkings wat die ongekende gebeure van die koronavirus-pandemie op aangesig-tot-aangesig-opleiding plaas. Alhoewel virtuele werkswinkels vir die meeste mense 'n snaakse manier is van dinge doen, hou dit ook baie voordele in. 'n Mens kan byvoorbeeld nou van die gemak

van jou huis aan 'n professionele werkswinkel deelneem. Boonop is die ervaring sakpas: al wat jy nodig het, is 'n werkende skootrekenaar en genoeg internetdata om die kostes verbonde aan reis en verblyf te ontduiik. Toeganklikheid is 'n verdere voordeel: jy kan aan soveel werkswinkels deelneem as wat jy wil aangesien die meeste gratis aangebied word. Dit beteken dat 'n mens nou selfs meer kennis kan opdoen as wat onder normale omstandighede moontlik sou wees.

## SADILAR SE BETROKKENHEID BY THE CARPENTRIES:

Tot op hede is agt Carpentry-werkswinkels al aangebied, met 'n totaal van 113 deelnemers tussen Junie tot September 2020.

beduidende rol speel in hulle blootstelling aan verdere berekeningswyses vir hulle navorsing.

SADIaR-navorsers was by 'n paar van die werkswinkels hierdie jaar betrokke, óf as ondersteunende instrukteurs, óf as helpers. Dit was 'n wonderlike ervaring vir die navorsers omdat hulle nie regtig bekend is met die konsep van so 'n projek nie, en as ontluikende navorsers op die gebied van digitale geesteswetenskappe vind hulle dat die ervaring 'n

Gedurende die week van 24 tot 28 Augustus het SADIaR sy eerste Library Carpentry-werkswinkel aangebied onder leiding van 'n groep van die SADIaR-navorsers en met die goedhartige hulp van Dr Angelique van Rensburg, die streekskonsultant vir Suider-Afrika by The Carpentries.

In watter soort opleidingswerkswinkels stel jy belang?  
[KLIK HIER](#)



[www.sadilar.org](http://www.sadilar.org)

BEFONDS DEUR:



science & innovation

Department:  
Science and Innovation  
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SADiLaR-navorsers wat reeds as Carpentry-instrukteurs gesertifiseer is, het tydens hierdie werkswinkel deelnemers stap vir stap deur die program geleei. Die program was soos volg:

DAG 1:

Inleiding tot hoe om met data te werk (algemene uitdrukkings) deur Rooweither Mabuya, die Zulu-navorser, vergesel deur Dimakatso Mathe, die Noord-Sotho-navorser



DAG 2:

Open Refine deur Mmasibidi Setaka, die Suid-Sotho-navorser



DAG 4:

Die Unix Shell deur Andiswa Bukula, die Xhosa-navorser

DAG 5:

Vervolg van Die Unix Shell deur Juan Steyn

Dit was inderdaad 'n wonderlike ervaring vir die navorsers, wat almal hoop dat jy die volgende Carpentry-werkswinkel sal bywoon.



THE  
CARPENTRIES

Vir meer oor The Carpentries, besoek gerus <https://carpentries.org/>

## Blogs en gemeenskapsbetrokkenheid op SADiLaR se webwerf

Een van die maniere waarop SADiLaR aktief probeer om met die publiek in gesprek te tree, is deur blogs wat hoofsaaklik deur die taalnavorsers geskryf word. 'n Verskeidenheid onderwerpe word in hierdie aanlynblogs bespreek. Navorsers het die keuse om die blogs in hulle eie taal te skryf, met 'n kort Engelse opsomming vir diegene wat nie die betrokke taal kan praat nie.

Onderwerpe wat tot dusver op die blogs bespreek is, sluit in indrukke omtrent werkswinkels of geleenthede wat bygewoon is, tussenwerpsels in Tsonga, die geskiedenis van die beperkte geskrewe werke in Ndebele, en historiese literére werke in Zulu, om slegs 'n paar te noem.

Dit is interessant om na 'n oorsig van die syfers ten opsigte van die blogs te kyk. Hier is 'n opsomming van die blogs soos op 30 September 2020:

<b>Getal blogs wat al verskyn het:</b>	<b>35</b>
<b>Blogs wat in Engels geskryf is:</b>	<b>21</b>
<b>Blogs wat in Tsonga geskryf is:</b>	<b>3</b>
<b>Blogs wat in Afrikaans geskryf is:</b>	<b>3</b>
<b>Blogs wat in Swati geskryf is:</b>	<b>2</b>
<b>Blogs wat in Ndebele geskryf is:</b>	<b>2</b>
<b>Blogs wat in Xhosa geskryf is:</b>	<b>1</b>
<b>Blogs wat in Zulu geskryf is:</b>	<b>1</b>
<b>Blogs wat in Noord-Sotho geskryf is:</b>	<b>1</b>
<b>Blogs wat in Tswana geskryf is:</b>	<b>1</b>
<b>Grootste getal lesers:</b>	<b>4 664</b>
<b>Gemiddelde getal lesers:</b>	<b>1 008</b>

Watter soort blogs wil jy graag lees?

[KLIK HIER](#)

Die blog met die grootste getal lesers is "Tinanatelo temaswati" wat deur SADiLaR se Swati-navorser, Muzi Matfunjwa, geskryf is. Hierdie blog is in Swati geskryf, handel oor stamlofprysing en is op 9 Junie 2020 gepubliseer. Die enigste ander blog wat tot dusver meer as 4 000 keer gelees is, is 'n

Xhosa-blog wat deur SADiLaR-navorser Andiswa Bukula geskryf is. Die blog se titel is "Ukubaluleka kolwimi nenkcubeko eluntwini" en dit bespreek aspekte van kultuur, taal en identiteit as onderling verbonde.

BEFONDS DEUR:



Bo en behalwe blogs, het SADILaR ook in 2019 'n feesvieringsjaar vir alle amptelike tale aangebied, waaronder geleenthede soos skoolbesoeke, teaterwerkswinkels, asook praatjies deur prominente persoonlikhede in die onderskeie taalgemeenskappe georganiseer is. Daar is ook baie moeite gedoen om die geleenthede in verskillende dele van Suid-Afrika aan te bied om dit meer toeganklik vir die verskillende gemeenskappe te maak.

'n Paar stukke oor hierdie geleenthede en feesvieringe is geskryf en op die SADILaR-webwerf gepubliseer. Besoek gerus ons toegewyde blad op ons webwerf vir 'n oorsig van die verskillende geleenthede wat plaasgevind het. Blogs as 'n vorm van gemeenskapsbetrokkenheid is definitief aan die styg sedert die eerste blog op 26 November 2019 gepubliseer is. Met 'n gemiddelde getal lesers van 1 008 per blog, is dit duidelik dat taalgemeenskappe nuuskierig is oor die verskillende onderwerpe waарoor lede van die SADILaR-span kies om te skryf.

Op die oomblik is daar nog ruim geleentheid om baie onderwerpe te bespreek, om saam met ander te werk om in een van ons amptelike tale te skryf. Hier is op 'n vrugbare toekoms vir blogskryf by SADILaR!

- deur Benito Trollip

---

## Vrystelling van die aanlyn Dictionary of South African English (DSAЕ) - MOBIELE WEERGawe

Hierdie vrystelling bied 'n dataryke historiese woordeboekmodel op slimfone en tablete (iOS- & Android-ondersteun, gratis toegang by <http://dsae.co.za>). Dit is die vrug van die voltooiing van 'n groot digitaliseringsfase van vroeëre loodsaanlynweergawes tot 'n volwaardige webtoepassing wat volkome vir lessenaar- en mobiele toestelle aangepas is. Dieselfde gevorderde stel funksies is op beide platforms beskikbaar.

Die woerdeboek is aanvanklik as A Dictionary of South African English on Historical Principles (Oxford University Press, 1996) gepubliseer – 'n projek van 25 jaar wat die ontwikkeling van Engels in die streek oor drie eeue heen dokumenteer. Dit bevat 4 600 hoofinskrywings, met 45 000 aanhalings met bibliografiese

verwysings wat 17 500 woordvorme en hulle geskiedenis dek, insluitend die eerste opgetekende gebruik van die woord. Na uitgebreide digitale verbeterings, kan woerdeboekgebruikers nou hierdie ongeëwenaarde rekord van taalverskeidenheid as 'n gestruktureerde databasis

BEFONDS DEUR:



manipuleer. Woorde kan met behulp van 'n interaktiewe visuele gelyer volgens "woordeboekskywe" gegroepeer word, bv. die datum waarop die woord in die taal opgeneem is, of volgens taal van oorsprong, onderwerp of gebruikskategorie (met meer as 180 onderafdelings in totaal) sorteer word. Die geskiedenis van individuele woorde - wat dikwels oor eeue heen strek - kan ook visueel volgens woordbetekenis of aanhalingsbewyse genavigeer word, wat ontwikkelingspatrone onthul wat voorheen in die geskrewe teks versteek was.



## HOOFKENMERKE:

- Sensitiewe ontwerp wat aanpas tot Android en iOS om gevorderde lessenaarfunksies te behou (die meeste moderne webblaaiers word ondersteun)
- Grafiese voorstelling en navigasie van woordgeschiedenis en bronaanhalingssdata (datasamevoegingstoestelle onthul nuwe insigte en verhoudings)
- Navigeer komplekse inskrywingsstruktureel, nie slegs deur die opeenvolgende lees van teks nie
- Eenvoudige tog kragtige filteropsies: geen onhandige "gevorderde soekvorm" hoef ingevul te word nie; stapel en ontstapel soekfilters maklik sonder kognitiewe oorlading
- Verfyn jou soek- en sorteerresultate volgens datumreeks met 'n visuele gelyer; sorteer inskrywings (of die hele ongesorteerde woerdeboek) volgens die jaar waarin die eerste gebruik van die woord aangeteken is.

Vir toegang tot die  
woerdeboek, besoek

<https://dsae.co.za>

---

Web:  
[www.ru.ac.za/dsae/](http://www.ru.ac.za/dsae/)

---

E-pos:  
[dsae@ru.ac.za](mailto:dsae@ru.ac.za)

Die aanlyn DSAE is 'n projek van die Woerdeboekeenhed vir Suid-Afrikaanse Engels in Makhanda (Grahamstad), Suid-Afrika.

**Klik hier om by ons nuusbrief in te teken**  
**OF**  
**Klik hier om ons te kontak**